**Skriflesing**: Gen 45:5-9
**Tema**: Die Outeur van my verhaal.

Josef se verhaal lees soos 'n sepie met verskeie hoogte- en laagtepunte. Ons lees onder andere van die volgende:

**Voortrekkery**
Jakob het 1 dogter en 12 seuns gehad, Josef en Benjamin by Ragel en Josef se ander 10 halfbroers by Lea.
Josef was Jakob se witbroodjie. Hy maak vir hom besondere lang klere met moue. Hierdie voortrekkery loop in die familie. Esau en Jakob se pa en ma, Isak en Rebekkka het die een kind bo die ander liefgehad. En Jakob leer maar moeilik. Aan die einde van sy lewe het hy Josef se jongste seun bo die oudste geseën.

**Skinder**
Ons lees in Gen 37:2 dat Josef slegte stories van sy broers by sy pa aangedra het. Ook sy broers het niks goed oor Hom gesê nie.

**Hoogmoed**
Josef vertel vol hoogmoed van die drome wat hy gehad het waarin die gerwe, m.a.w. sy broers en ook die son en maan en 11 sterre, sy ouers en broers voor hom gebuig het.

**Jaloesie**
Sy broers is so jaloers op Josef dat hulle hom wil doodmaak. Ruben red sy lewe as hy voorstel dat hulle hom in 'n put gooi.

**Spanning (mensehandel)**
Josef word op die ouderdom van 17 aan slawehandelaars verkoop.

**Seksuele begeertes**
Potivar se vrou vrou probeer die jongman Josef verlei en hy vlug weg van haar. Deur al die gebeure in Josef se lewe, bly hy getrou aan die Here. Ons lees sy getuienis aan Potivar se vrou in in Gen 39:9.

**Tronkstraf**
Josef beland, na die insident met Potivar se vrou, vir 13 jaar onskuldig in die tronk. Daar lê hy die skinker en bakker se drome uit. Ons lees in Gen 40:8 dat Hy die eer aan God gee.
'n Jaar later as die Farao droom, onthou die skinker van hom en lê Josef die Farao se drome van 7 mooi vet koeie en mooi vol are en 7 lelike en maer koeie en sewe skraal are uit.
In Gen 41:16; 39, 51 lees ons weereens dat Josef God erken as die een wat in beheer is.

Daar is ook hoogtepunte in Josef se verhaal:
**Heerskappy** (30 jaar oud)
Hy is op 30 jarige ouderdom as eerste minister aangestel.

**Sepie met gelukkige einde**
Josef se verhaal lees soos ‘n sepie met gelukkige einde. Twee-en-twintig jaar na hy deur sy broers as slaaf verkoop is, vind versoening plaas.

Hoe lyk jou storie? Deur wie word dit geskryf?
Kom ons gaan kyk na ‘n paar Skrifgedeeltes oor Josef se verhaal. Die rooi gekeurde gedeeltes bevestig dat die Here in beheer is van Sy kinders se lewensverhaal al verstaan ons baie keer nie waarom sekere goed in ons lewens gebeur nie.

**Gen 39:20-23**
Terwyl Josef daar in die tronk was, **was die Here by hom, en Hy het Josef Sy troue liefde laat ondervind,** sodat die tronkbewaarder hom goedgesind geword het.
Hy het vir Josef in beheer geplaas van al die gevangenes in die tronk en van wat hulle moes doen. Josef was vir alles verantwoordelik, en die tronkbewaarder het nie meer na iets omgesien nie; alles was in Josef se hande**, want die Here was by hom.** Wat Josef ook al aangepak het, **die Here het dit laat slaag.**

**Hand 7:9-10**
“Uit jaloesie het die stamvaders vir Josef as slaaf verkoop, en so is hy Egipte toe. **Maar God was by hom en het hom uit al sy ellende gered. God het aan Josef wysheid gegee**, sodat hy in die guns van die farao, die koning van Egipte, gekom het. Die farao het hom as onderkoning van Egipte en as hoof van sy hele koninklike hof aangestel.

**Gen 45:5-9**
Josef se verhouding met sy broers is ook herstel. In Gen 45:5-9 getuig hy teenoor hulle:
“[5]Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, **want God het my voor julle uit gestuur om lewens te red.** [6]Dit is nou maar die tweede jaar van hongersnood in die land. Daar lê nog vyf jaar voor waarin daar nie geploeg of geoes sal word nie. **[7]God het my voor julle uit gestuur** om vir julle 'n oorblyfsel in hierdie land te laat oorbly, om julle aan die lewe te hou en sodat baie aan die dood sal ontkom. **[8]Dis nie júlle wat my hierheen gestuur het nie, maar God. Hy het my laat aanstel** as die farao se raadgewer en as bevelhebber oor sy huis en as regeerder oor die hele Egipte. [9]Gaan dadelik na Pa toe en sê vir hom: ‘So sê Pa se seun Josef: **God het my aangestel as regeerder oor die hele Egipte.** Kom na my toe. Moenie talm nie,”

Hy getuig ook in **Gen 50:20** van God se plan met sy, soms ontspoorde, lewe: **“Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat ‘n groot volk nou in die lewe gebly het.”**

Oor wat in 2020 vir ons voorlê, is nie een van ons seker nie. Waarvan ons wel kan seker wees, is dat die Here by ons en die outeur van ons lewensverhaal is.

**Afsluiting**
Die Ten Boom familie het tydens die Tweede Wêreldoorlog Jode weggesteek vir die Duitsers. Volgens oorlewering het hulle tot 800 Jode se lewens gered.
Op 28 Februarie 1944 het Nazi's die hele Ten Boom familie in hegtenis geneem. Pa Casper het 10 dae later gesterf. Corrie en Betsie beland in die Ravensbrück-konsentrasiekamp. Daar het hulle, met 'n Bybel wat hulle ingesmokkel het, eredienste gehou na afloop van 'n harde dag by die werk, Nadat haar gesondheid agteruitgegaan het, het Betsie op 16 Desember 1944 gesterf met 'n glimlag op haar lippe. Voordat sy gesterf het, het sy vir Corrie gesê: "Daar is geen put so diep dat God nie nog dieper is nie."
As deel van haar getuienis wat sy oor die wêreld gelewer het na die wêreldoorlog het Corrie getuig: “Although the threads of my live have often seemed knotted, I know, by faith, that on the other side of the embroidery… there is a crown.”
Amen